# DIE PINKSTERLEWE

**Rom 8:4-14; Ef 5:18-20; 1 Kor 2:12-16; 1 Kor 3:1-4**

1. ELKE KIND VAN GOD IS <u>GEVUL</u> MET DIE HEILIGE GEES

- Niemand kan tot *geloof en bekering* kom sonder die werking van die Heilige Gees in hom/haar nie (1 Kor 12:3). Dit is die Heilige Gees wat my die *weergeboorte* skenk en tot bekering lei. (Joh 3:3-8) **Elke christen** is derhalwe gevul of "gedoop" met die Heilige Gees. Hy *woon reeds* in elke kind van God se hart.
- Dit hang ook saam daarmee dat God **Drie-enig** is (verlede Sondag): Ek kan nie vir Jesus in my "hart" hê en nie ook vir die Heilige Gees nie.
- Dis **wonderlik** dat ons almal as God se kinders die Heilige Gees as *Leidsman, Helper, Advokaat, Voorspraak en Trooster* voortdurend by ons het!

2. ELKE CHRISTEN IS NIE NOODWENDIG <u>VERVUL</u> MET DIE HEILIGE GEES NIE

- Elke christen is egter **nie noodwendig** VER-vul met die Heilige Gees nie.
- Vervulling met die HG **beteken** dat jy **onder beheer** van die Heilige Gees lewe. Dit is wat ons bedoel met **"'n Pinksterlewe"**.
- Die Heilige Gees kan in 'n mens woon, maar dit is nie noodwendig dat jy *onder Sy beheer* lewe nie.
- Is **JOU** lewe 'n PINKSTERLEWE? **WIE** is in BEHEER?

3. TWEE SOORTE CHRISTENE

- Ons kry in 1 Kor 3 dat Paulus tussen TWEE SOORTE CHRISTENE onderskei: Hy praat van Christene wat deur die Gees van God *gelei word* en van Christene wat **nie** deur die Gees van God gelei word nie. Albei soorte Christene is **waarlik kinders van God**. Paulus noem die tweede groep *"wêreldse mense" (:1).* Soms word daar ook na sulke mense verwys as **"vleeslike christene".**
- Luister hoe word hulle BESKRYWE - dalk **herken** jy iets van jouself daarin: Hulle **groei nie** geestelik nie, maar bly *"kindertjies in die geloof"* (:2). Daar is "*jaloesie en twis"* onder hulle (:3). Ons lees daar is *onsedelikheid* onder hulle (5:1). Hulle *dagvaar* mekaar voor die hof (6:1) ens.
- Hulle lewens **vertoon met ander woorde baie dieselfde** as wêreldse mense s'n omdat, alhoewel hulle die Gees *ontvang* het, hulle hulle lewe nie deur die Gees *laat beheer* nie.
- Broer en suster, daar is **altyd die GEVAAR** dat 'n Christen *weer wêrelds* kan word. Die Christen se **grootste gevaar** is **nie** misdaad of Vigs of kanker of die dood nie. **Wat dan?**
- Christene se grootste gevaar is die sogenaamde **"onheilige drie-eenheid"** van die *Satan,* die *wêreld* en jou ou *sondige natuur*. Ons kan hulle net in die krag van die Heilige Gees **oorwin** – nie in eie krag nie. Daarom is dit so belangrik dat ons gehoor sal gee aan die opdrag in Ef 5:18.

4. GEESVERVULLING IS 'N OPDRAG

- *"Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul."* (Ef 5:18)

- Dit is nie maar 'n **vriendelike versoek nie**. Dit is 'n **duidelike opdrag** van God en as iemand ongehoorsaam is aan hierdie opdrag, is so een *buite God se wil*. Ongehoorsaamheid aan 'n opdrag van God is niks anders as *sonde* nie.
- Dit is betekenisvol dat Paulus na **dronkenskap** verwys wanneer hy oor hierdie saak skrywe. Daar is sekere ***ooreenkomste*:** 'n Dronk persoon is gewoonlik *baie spraaksaam* en *vrymoedig* en *vrygewig*. Ons sê soms so een is *onder die invloed*, of hy is *nie homself nie*.
- Om **Geesvervuld** te wees, beteken jy leef *onder die invloed van die Gees*, jy is *nie jou ou, sondige self nie.* Die Heilige Gees gee jou die *vrymoedigheid* om te getuig. Hy laat jou *hart en beursie oopgaan* om die gawes wat jy ontvang het met ander te deel.

5. GEESVERVULLING IS 'N LEEFWYSE

- **Nog 'n ooreenkoms** tussen 'n dronk persoon en vervulling met die Heilige Gees is dat om besope te bly, jy moet **aanhou drink**. Jy moet jou *weer-en-weer* aan die drank oorgee. Vervulling met die Heilige Gees is ook *nie 'n eenmalige iets* wat met jou gebeur en nou is jy *outomaties* vir die res van jou lewe Geesvervuld nie. Jy moet **elke dag** weer vervul word. Die opdrag in **Efesiërs** *"word vervul"* sou meer korrek vertaal kon word met *"word voortdurend vervul"*. Geesvervulling behoort 'n **leefwyse** te wees.
- Vervulling met die Heilige Gees **BETEKEN nie** dat ek **meer van Hom** moet besit nie, maar dat Hy meer van MY moet kry. Hy is immers 'n PERSOON. Jy kan Hom nie *stukkie-vir-stukkie* ontvang nie – eers net die arms, later die bene en dan die lyf nie! Toe Hy in jou kom woon het, het Hy *volledig* in jou kom woon. Jy kan Hom *nie meer hê* as wat jy Hom nou het nie.
- Maar ek moet Hom die **beheer gee oor ELKE FASET** van my lewe: ontspanning, geld, liefdeslewe, sosiale lewe, gesinsverhoudinge, politieke sieninge, kerklike betrokkenheid, godsdiens. Dit beteken dat ek die **sleutels** van AL die kamers in my lewe aan Hom oorhandig. Hy is nie meer net *'n gas* of loseerder nie, maar die *eienaar* en hoof. Soos iemand tereg gesê het: Geesvervulling beteken dat die Heilige Gees nie langer 'n *resident* in jou lewe is nie, maar die *President*.
- In so 'n lewe sal die **VRUG van die Gees** al duideliker vertoon: liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, betroubaarheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Gal 5:22,23). Dis die KENMERKE van 'n Pinksterlewe.
- In so 'n Geesvervulde lewe sal die **GAWES van die Gees** funksioneer soos wat God se **bedoeling** daarmee was - gawes soos om te dien, onderrig te gee, uitdeling, leierskap, bemoediging, vermaning ens.
- Ons is **RENTMEESTERS**. Dit beteken dat alles wat ons het, is *eintlik God s'n*. Hy stel dit onder ons bestuur om tot Sy eer aan te wend. Sy bedoeling is dat ons mekaar sal *aanvul* daarmee en so die *liggaam van Christus* sal help om sy taak in hierdie wêreld beter te kan uitvoer. Ons geld en ander gawes is nie daar net vir ons eie *selfsugtige* gebruik nie. Geesvervulde Christene *verstaan en aanvaar* dit so en is **goeie rentmeesters** van God se eiendom.
- Die feit dat net sowat **'n DERDE** van ons lidmaattal gereeld die eredienste bywoon en 'n dankoffer gee en iewers betrokke is, sê **dat ons as gemeente nog ver te kort skiet**. Ons lewe nog lank nie 'n Pinksterlewe nie! Ons mag

**kinders van die Here** wees en die Gees ontvang het, maar Hy is nie ten volle in beheer van die gemeente nie.

- **Wie of wat is IN BEHEER**? Is dit **wêreldse dinge** wat dalk goed is maar te belangrik geword het, soos sport? Vriende? My beroep? Besittings? Is dit dalk **begeertes** soos selfsug, gemak, luiheid, plesier, opwinding? Is dit dalk **opvattings** wat die satan my wysmaak?

6. MAAK VANDAG 'N KEUSE

- **VERLANG jy na die Pinksterlewe? TWYFEL jy** of jy werklik met die Heilige Gees vervul is? Wees dan gehoorsaam aan die opdrag in Ef 5:18.
- **VRA Hom** dan *vandag nog* eerlik en opreg om *die beheer* oor jou lewe te neem en daarmee te maak wat Hy wil. **OORHANDIG** die sleutels!
- **KIES** om *gehoorsaam* te wees en doen dit daagliks. Dan sal jy die Pinksterlewe leef. Bid dan dat ander dit ook sal doen en ons so 'n Pinkstergemeente sal wees!
- Geleentheid vir Stil gebed.

Amen
31.05.2009